Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

Nuusbrief

Geagte Ouers

UIT DIE KANTOOR
Die sin van vreugde in jou werk

Die enigste sin word weereens gevind in die eenvoudige genot van waarmee jy daagliks besig is, al is die toekoms ‘n ondeurskynende gordyn en al is daar in jou ‘n behoefte na dit wat ewig bly.

Al kan ‘n mens dus nie sien waarheen alles op pad is nie en wat in die toekoms sal gebeur nie, is vreugde in jou werk ‘n seën, ‘n manier om sin in die ritme van die lewe te vind, al is dit relatief en nie absoluut nie.

Om die waarheid te sê, die eenvoudige genot van arbeid het die manier om jou in kontak met jou diepste self te bring, wat die verwagting na die ewigheid lewend hou. Dat om God te ken en te ervaar, reeds die ervaring van die ewigheid prakties in ons lewens indra (Joh. 17:3).

LIEFDE maak ons vriende meer spesiaal.
VREUGDE maak ons harte ligter.
GELOOF maak ons pad duideliker.
HOOP maak ons lewe helderder.
VREDE bring ons nader aan mekaar.

SPORTOEFENINGE
Wintersport begin Donderdag, 25 Februarie vir Graad 4 – 7 leerders en 1 Maart vir alle ander leerders.

SPORTUITSLAE

TOUTREK
Die WP Bolandliga was verlede naweek (13 Februarie) gehou by Drostdy, Worcester.

Die uitslae is as volg:
230A = 2de in die plaatafdeling
230B = 4de in die plaatafdeling

280A = 5de in hul afdeling
280B = 4de in die plaatafdeling

320A = 5de in hul afdeling
320B = 4de in die plaatafdeling

360A = algeheel 5de
400A = algeheel 6de

Trekkers van die dag:
Nuweling = Hestie de Villiers
o.10 groep = Billy Goldswain
o.13 groep = Jean Agenbag

Ons trek eerskomende naweek in Breërivier, by hul skoolgronde. Belangstellendes kan gerus kom kyk en ondersteun.

PERSONEEL VERJAARSDAE

27 Februarie – Marti-Mari Smit
14 Maart – Okkie Kluyts
17 Maart – Dora Hendricks
18 Maart – Romanda Viljoen

GRAAD 12 OUERAAND
Ons rig ‘n vriendelike versoek aan ons Graad 12 leerders en hul ouers om ‘n vergadering op Woensdag, 24 Februarie om 18:00 in die skoolsaal by te woon. Ons sal dit waardeer indien al die Graad 12 leerders en hul ouers/voogde teenwoordig sal wees. Baie dankie dat ons op u kan staatmaak.

RUGBY- EN NETBALDAG 12 MAART 2016
As gevolg van te min Hoërskool inskrywings, gaan ons jaarlikse sportdag vanjaar slegs uit Laerskool wedstryde bestaan (o.11 rugby en o.13 rugby en netbal). Ons hoop u sal dit vanjaar weer so goed ondersteun soos vorige jare! Ons beoog om ons o.19 rugbyspan na Hoërskool Brackenfell se sportdag te stuur.

NASORG
Theresa Erasmus en Anneke Kluyts wil graag baie dankie sê aan die ouers wat Goudini Nasorg so getrou ondersteun. Hulle wil net weereens bevestig dat die nasorg oop is Maandae tot Vrydae vanaf 12:45 tot 17:00. Skenkings soos speletjies, blokkies of enige ander hulpmiddels waarby die nasorg kan baat vind, is baie welkom!

KRIEKET

o.11 - Ons speel teen Worcester-Oos se A-span en wen met 7 paaltjies. Retief Viljoen is die speler van die wedstryd.
Ons speel teen Villiersdorp, maar verloor die wedstryd met die 2de laaste bal.
Vier van ons o.11's is in die Noord-Bolandspan opgeneem vir krieket, naamlik Retief Viljoen, Jac-Willem Botha, Adie Pietersen en MC Crocker.

o.13 - Ons verloor teen FD Conradie met 36 lopies. De Wet du Toit het mooi gekolf en geboul. Ons wen teen De Villiers Graaff met 6 lopies. De Wet du Toit was die speler van die wedstryd.

o.19 - Ons speel teen Montana op Worcester. Ons het eerste gekolf en 'n heel skaflike 138 lopies aangeteken. Conrad Kluyts teken 27 lopies aan. In 'n baie spannende wedstryd steek Montana ons telling van die laaste bal verby en wen met 3 paaltjies.

ATLETIEK

- Shandré Kees het 2 goue medaljes ontvang tydens Worcester Voorbereiding se Prestige Atletiekbyeenkoms. Sy het 'n 1ste plek in 60m en 'n 1ste plek in 80m behaal.
- Die volgende atlete het presteer tydens die Noord-Boland Laerskole Kampioenskappe:

Andrya Stofberg	-	3de hoogspring
Helena du Toit	-	2de spiesgooi
Siphosethu Bantubathi	-	1ste 100m
		2de 200m
Pieter Hamman	-	1ste gewigstoot
		1ste diskus

BELANGRIKE VERSOEK!!

Ons versoek ons ouers om asseblief nie agter die personeel se voertuie te parkeer nie en ook om **stadig** op die skoolterrein te bestuur – dis vir die veiligheid van ons kinders!

NETBAL AFRIGTERS

Die netbalseisoen begin weer een van die dae en ons wil graag die spanne met hul afrigters aan u deurgee.

o.7 en o.8	-	Jannike Viljoen en Wilmaré Lotz
o.9	-	Graad 2-juffrou
o.10	-	Mart-Mari de Lange
o.11	-	Hannatjie van Wyk
o.12	-	Anneri Myburgh
o.13	-	Lana du Toit
o.14	-	Jillian Steenkamp (admin) en Chestné November
o.16	-	Janet Lobaczewski (admin) en Mirtle de Bruin
o.19	-	Romanda Viljoen en Annemarie Cordier

Ons wil net weer die ouers herinner dat hulle asseblief nie op die bane moet wees tydens afrigting nie!

RUGBY AFRIGTERS

o.7 tot o.9	-	Wiehan Smit en Okkie Kluyts
o.11	-	Marinus Breedt
o.13	-	Ian Olivier
o.15	-	Nico Thiart
o.19	-	Floris van Zyl en Tiaan Kleinhans

HOëRSKOOL TOETSROOSTER

Datum	Dag	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12
8 Maart	Dinsdag	SW	Eng			
9 Maart	Woensdag	Afr	Teg	LW / RTT	Rek / VS / ST	FW / BS / Geo
10 Maart	Donderdag	Eng	Afr	Eng	Afr	Eng
11 Maart	Vrydag	EBW	SW	Rek / VS / ST	FW / BS / Geo	Wisk / WG
14 Maart	Maandag	Wisk	NW	Wisk / WG	Wisk / WG	LW / RTT
15 Maart	Dinsdag	NW	EBW	Afr	Eng	Afr
16 Maart	Woensdag	Teg	Wisk	FW / BS / Geo	LW / RTT	Rek / VS / ST
17 Maart	Donderdag	Afr Stelwerk	Afr Stelwerk	Afr Stelwerk	Afr Stelwerk	Afr Stelwerk
18 Maart	Vrydag	Eng Stelwerk	Eng Stelwerk	Eng Stelwerk	Eng Stelwerk	Eng Stelwerk

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
19 Februarie 2016